Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) English/Afrikaans | Februarie 2019 Uitgawe 1

# 300 new nurses, thanks to stimulus package



Jubilations! Nurses celebrate the good news of their employment, thanks to President Cyril Ramaphosa's stimulus package.

Nompumelelo Majola recently had to deal with the sorrow of burying her 65-year-old mother who had succumbed to a long illness.

On the day of the funeral, she received a phone call from the KwaZulu-Natal Department of Health telling her that her application to work as an Enrolled Nursing Assistant had been successful.

"I could not believe it," she said. She had spent the past 13 years struggling to find permanent employment.

Majola who originates from Mbumbulu, now works at the Prince Mshiyeni Memorial Hospital in Umlazi in Durban.

"I'd like to thank President Cyril Ramaphosa and MEC Dr Sibongiseni Dhlomo for making our dreams come true," she said.

The employment of the nurses was part of the stimulus package, which was announced by President Ramaphosa. It aims to boost the public health sector through the creation of more than 5 300 jobs throughout the country.

The provincial department is also finalising the appointment of porters, general orderlies, pharmacy assistants and artisans.

Another newly appointed nurse Gugu Mdlalose, from KwaMashu, who has been placed at Wentworth Hospital, said: "This was going to be my 14th year of not working since qualifying as a nurse. I am extremely grateful to Bab' Ramaphosa and the entire health team," she said, fighting back tears.

Cont. page 2



**Youth Employment Service already changing lives**

Page 6




**Innibos Craft Awards now open for entries**

Page 16

2030 NDP

ALSO AVAILABLE ON:

Google play

App Store

@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Free Copy

# Werksoek aanlyn word makliker

**DIE REGERING** het deur die instel van e-Werwing, sy toewyding tot die opheffing van die jeug en graduandi se lewens beklemtoon.




Suid-Afrikaners sal binnekort deur net die klik van 'n knoppie vir werk in die staatdiens kan aansoek doen.

Werksoekers sal binnekort in staat wees om deur die e-Werwingstelsel wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie, Ayanda Dlodlo, geloods is, vir regeringsposte aansoek te doen.

Volgens die Minister sal die e-Werwingstelsel eerste by die Departement van Staatsdiens en Administrasie ingefaseer word en binnekort regdeur die staatsdiens bekendgestel word.

"Die e-Werwingstelsel is deel van ŉ regeringswye proses om dit eenvoudiger en makliker te maak vir mense, veral die jeug, om vir poste in die staatsdiens aansoek te doen.

"Die proses sal ook ŉ hersiening van regulasies vir alle poste op toetredevlak in die staatsdiens insluit, om die werwing van nuwe toetreders sonder vorige ervaring in poste op toetredevlak toe te laat," sê Minister Dlodlo.

Volgens die Minister, is dit onbetwisbaar dat die huidige werwingsprosesse omslagtig vir werksoekers is en dat regeringsdepartemente nie saam met die veranderende tegnologiese vooruitgang verander of ontwikkel het nie.

"Die nuwe e-Werwingstelsel sal vir werksoekers voordelig wees omdat dit webgebaseer is en op verskillende plekke toeganklik is vir alle werksoekers wat aansoeke by ŉ gesentraliseerde databasis, inhandig," sê sy.

Die Minister sê dat die stelsel die aansoekers in staat sal stel om hul CV's en ondersteunende dokumente net een keer te pos en dat hulle sodoende geld sal spaar omdat hulle nie veelvoudige afskrifte van aansoeke hoef te maak nie.

"Dit is belangrik om te beklemtoon dat aansoeke vir staatsdiensposte steeds deur die fisiese Z83-vorms aanvaar sal word om diegene wat nie toegang tot die internet het nie, tegemoet te kom.

Dit sal ook in aanlyn-, digitale formaat beskikbaar wees vir ŉ vinnige en maklike aansoekproses vir diegene wat internet het," sê sy.

Volgens die Minister is dit ŉ voordeel vir regeringsdepartemente dat die stelsel hulle in staat stel om hul poste elektronies te adverteer en dus die koste van die huidige adverteringsmetodes, byvoorbeeld in koerante, te verminder.

Hierdie innoverende proses is ŉ gesamentlike poging deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie en die Gautengse Departement van e-Regering.

Die Gautengse Departement van e-Regering verskaf die nodige hulpbronne om die stelsel te bedryf, terwyl die staat se inligtingstegnologie-agentskap tegniese- en infrastruktuurontwikkelingsvaardighede verskaf. V

SAnews.gov.za



KwaZulu-Natal Health MEC, Dr Sibongiseni Dhlomo, comforts new nurse Nompumelelo Majola, whose mother recently passed away.

From page 1

MEC Dhlomo expressed his heartfelt gratitude to President Ramaphosa for the stimulus package, saying that its beneficiaries will be the vast majority of the population who rely on the State for their health needs – particularly those in far-flung areas.

"Today, there are 300 families who have breadwinners. These nurses have brought tears of joy." Dr Dhlomo said the nurses have been sitting at home for over 14 years. "These are the nurses who are at the bottom of the ladder of the nursing profession, but they mean so much to our people."

"We hope by injecting 300 new nurses into the system, we're going to bring meaning in terms of quality of service to our people." V

government communications
Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Tel: (+27) 12 473 0089
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production
Tasneem Carrim | tasneem@gcis.gov.za

Editor-in-Chief
Roze Moodley | roze@gcis.gov.za

Managing Editor
Ongezwa Mogotsi
ongezwa@gcis.gov.za

News Editor
Noluthando Motswai

Writers
More Matshediso
Jauhara Khan

Senior Designer
Tendai Gonese

Language Practitioners
Nomgcibelo Motha
Boitumelo Phalatse
Phakamani Dadlana

Vuk'uzenzele is published by Government Communications (GCIS)
Printed by: paarlcoldset
Distributed by: ON THE DOT

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

# ŉ Nuwe dagbreek vir SA

**Dale Hes**

President Cyril Ramaphosa het presies ŉ jaar gelede ŉ nuwe dagbreek vir Suid-Afrika ingelei. Die President het kort nadat hy aan bewind gekom het, ŉ indrukwekkende Staatsrede gelewer wat hoop, opwinding en vertroue by die miljoene mense wat regoor die land daarna geluister het, gevestig het.

Daar was ŉ intense gevoel van opwinding rondom die 2018-staatrede. Dit is gepas dat hierdie rede tydens Nelson Mandela se eeufeesjaar gelewer is: geen Suid-Afrikaanse president het sedert die begin van demokrasie so ŉ las van verwagtinge op sy skouers gedra nie, maar President Ramaphosa se rede het al die blokkies vir die Suid-Afrikaanse publiek afgemerk. Hy het die dringendste kwessies wat ons land in die gesig staar, geopper en ŉ paar intelligente oplossings voorgestel, wat opregte toewyding aan die bou van ŉ beter Suid-Afrika demonstreer.

## 2018-Staatsrede se fokuspunte

Die kwessies van werkskepping, ekonomiese groei, armoedeverligting, onderwys, gesondheidsorg, grondhervorming, geslagsongelykheid en die stryd teen misdaad en korrupsie was, soos met verskeie vorige staatsredes, aan die kern van die 2018-Staatsrede se agenda.

President Ramaphosa het gesê dat hierdie tydperk egter ŉ geleentheid vir algehele wedergeboorte vir Suid-Afrika is, en dat dit ŉ nuwe vlak van voorneme vereis.

"Ons het die verantwoordelikheid gekry om ŉ nuwe nasie te bou, om die ongeregtighede van die verlede en die ongelykhede van die hede te konfronteer. Daar word van ons vereis om dit onder moeilike toestande te doen."

## Werkskepping

Werkskepping, aan die kern van armoedeverligting, was een van die eerste kwessies wat deur President Ramaphosa in sy rede opgehaal is.

"Werkskepping, veral vir die jeug, is aan die kern van ons nasionale agenda in 2018," het hy gesê.

> "Ons het die verantwoordelikheid gekry om 'n nuwe nasie te bou, om die ongeregtighede van die verlede en die ongelykhede van die hede te konfronteer."



Die President het met die toename in werkloosheid in Suid-Afrika, die dringende behoefte om deur verskeie maatreëls werk te skep, beklemtoon. Die aankondiging van die presidensiële werkspitsberaad, wat besprekings tussen die openbare sektor, die saksektor en die burgerlike samelewing behels het, is hartlik verwelkom.

Die spitsberaad, wat aan die begin van Oktober plaasgevind het, was waardevol wat betref die skep van ŉ bloudruk vir werkskepping. Die raamwerkooreenkoms wat by die spitsberaad onderteken is, het meer as 70 spesifieke ingrypings uitgestippel wat onder meer binnelandse aanvraag sal verhoog, uitvoere sal laat toeneem en verbreed, loopbane vir jong mense sal skep en sektore soos landbou, vervaardiging, mynbou en die afval-ekonomie, sal bevorder.

President Ramaphosa het onmiddellik werkskeppingsprogramme vir die jeug, wat die ergste deur werkloosheid geraak word, geprioritiseer. Die *Youth Employment Service* (YES) is binne twee maande na die 2018-Staatsrede geloods en bied ŉ innoverende manier vir besighede om die jeug deur betaalde internskappe in diens te neem. Altesaam 266 maatskappye het teen die einde van 2018 by die YES-program aangesluit en 5 500 jeugdiges is aangestel.



Die YES-program is President Ramaphosa se inisiatief om jeugindiensneming aan te vuur.

## Ekonomiese hupstoot

Suid-Afrika se ekonomie het trae groei ervaar en daar was vroeg in 2018 selfs ŉ resessie. Beleggersvertroue was die laagste ooit en sektore met hoë potensiaal het bloot nie die ondersteuning ontvang wat hulle nodig gehad het om tot die ekonomie by te dra nie.

President Ramaphosa het in ooreenstemming met sy slagspreuk van ŉ nuwe dagbreek, onmiddellik ŉ beleggingsveldtog begin. Hy het vier spesiale gesante aangestel om hom te vergeel tydens ŉ veldtog om teen 2023, R1,2 triljoen se beleggings te lok. President Ramaphosa het ook regoor die wêreld gereis om ander lande se vertroue in belegging in Suid-Afrika te herstel.

Die veldtog het tydens die Suid-Afrikaanse Beleggingskonferensie in Oktober sy hoogtepunt bereik toe die President aangekondig het dat daar beleggings ter waarde van R290 miljard vasgeknoop is, wat bydra tot die R400 miljard wat deur ander lande wat tydens die beleggingsveldtog besoek is, belowe is. Hierdie beleggings sal na verwagting teen 2024, R330 miljard tot Suid-Afrika se BBP bydra en jaarliks ongeveer 275 000 werksgeleenthede skep.

President Ramaphosa se ekonomiese stimulus- en herstelplan is nog ŉ sleutelingryping om die hindernisse tot Suid-Afrika se ekonomie uit die weg te ruim. Die pakket, wat in September aangekondig is, belowe versnelde infrastruktuurbesteding, hervorming in die telekom- en mynbousektore, gesamentlike openbare- en privaatuitvoer van projekte en 'n vereenvoudigde visa-proses wat dit vir internasionale besighede in Suid-Afrika makliker sal maak om sake te doen.

## Uitroei van korrupsie en versterking van staatsbestuur

Die President het aangedui dat hy vasbeslote is om korrupsie in die regering en ondernemings wat deur die staat besit word, uit te roei. Die ondersoekkommissie oor staatskaping, asook die ondersoekkommissie oor Eskom en SAID is kort nadat hy aan bewind gekom het, van stapel gestuur.

Die verandering van leierskapstrukture in ondernemings in staatsbesit was nog 'n aanduiding van die President se vasberadenheid om korrupsie te bestry en staatsbestuur te versterk. V